

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne



Jaarverslag 2018/19

Wes-Kaapse Raad
op Dobbelary en
Wedrenne

Jaarverslag
2018/19

Inhoud

| | |
|--|-----------|
| DEEL A: ALGEMENE INLIGTING | 2 |
| 1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD | 2 |
| 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME | 3 |
| 3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER | 5 |
| 4. OORSIG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE | 7 |
| 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG | 9 |
| 6. STRATEGIESE OORSIG | 10 |
| 7. WETGEWENDE MANDATE | 11 |
| 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR | 13 |
| DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING | 15 |
| 1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE | 16 |
| 2. SITUASIE-ONTLEDING | 16 |
| 3. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM | 21 |
| 4. INKOMSTE-INVORDERING | 33 |
| DEEL C: REGULERING | 35 |
| 1. INLEIDING | 36 |
| 2. UITVOERENDE GESAG | 36 |
| 3. DIE REKENINGKUNDIGE GESAG - DIE RAAD | 36 |
| 4. RISIKOBESTUUR | 53 |
| 5. INTERNE KONTROLE | 53 |
| 6. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE | 53 |
| 7. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES | 54 |
| 8. BEDROG EN KORRUPTIE | 55 |
| 9. MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING | 55 |
| 10. GEDRAGSKODE | 55 |
| 11. ORGANISATORIESE ETIEK | 56 |
| 12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES | 56 |
| 13. HOOF UITVOERENDE BEAMPTE | 56 |
| 14. MAATSKAPPYSEKRETARIS | 56 |
| 15. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID | 56 |
| 16. KORPORATIEWE BURGERSKAP | 57 |
| 17. VERHOUDINGS MET BELANGHEBBENDES | 57 |
| 18. BESOLDIGING | 58 |
| 19. TEGNOLOGIE EN INLIGTING | 58 |
| 20. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE | 59 |
| DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR | 63 |
| 1. INLEIDING | 64 |
| 2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK | 65 |
| DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING | 71 |
| 1. VERSLAG VAN DIE EKSTERNE OUDITEUR | 72 |
| 2. FINANSIËLE JAARSTATE | 76 |

DEEL A



Algemene Inligting

1. ALGEMENE INLIGTING OOR DIE RAAD

| | |
|---------------------|---|
| NAAM: | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne |
| STRAATADRES: | Fairwayslot 100 Parow Kaapstad 7500 Republiek van Suid-Afrika |
| POSADRES: | Posbus 8175 Roggebaai 8012 |
| TELEFOONNOMMER/S: | +27 21 480 7400 |
| E-POSADRES: | ceo@wcgrb.co.za |
| WEBWERF: | www.wcgrb.co.za |
| EKSTERNE OUDITEURE: | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| BANKIERS: | Nedbank |
| RAADSEKRETARIS: | Heinrich Brink |

2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| Afkorting/Akroniem | Beskrywing |
|--------------------|--|
| AARP | Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk |
| ADFIN / Adfin | Administrasie en Finansies |
| B-BSEB | Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| DB | Diensbillikheid |
| DH | Departementshoof |
| Die Wet | Wes-Kaapse Wet op Dobbelay en Wedrenne, 1996 |
| DvA | Departement van Arbeid |
| FICA | Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 |
| FIS | Finansiële Intelligensiesentrum |
| FJ | Finansiële Jaarstate |
| GPF | Gemeenskapspolisiëringsforum |
| GRAF | Gambling Regulators Africa Forum |
| Grondwet | Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 |
| HFB | Hoof Finansiële Beampte |
| HHA | Hoogste Hof van Appèl |
| HUB | Hoof Uitvoerende Beampte |
| IAGA | International Association of Gaming Advisors |
| IAGR | International Association of Gaming Regulators |
| IJM | In-jaar monitering |
| IKT | Inligting- en Kommunikasietegnologie |
| IT | Inligtingstegnologie |
| JPP | Jaarlikse Prestasieplan |
| KMI | Korporatiewe Maatskaplike Investerings |
| KMK | Komitee oor Menslike Kapitaal |
| KPW | Komitee oor Perdewedrenne |
| KVBA | Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie |
| LDT | Langdienstoekenning |
| LPM | Beperkte-uitbetaling-masjiene |
| LUR | Lid van die Provinsiale Uitvoerende Raad |
| MH | Menslike Hulpbronne |
| Minister | Wes-Kaapse Minister vir Finansies |
| MSW | Maatskappy sonder winsbejag |
| MTUR | Mediumtermyn-uitgaweraamwerk |
| MvV | Memorandum van Verstandhouding |
| NDMF | Nadiens-mediese fonds |
| NRD | Nasionale Raad op Dobbelay |

Deel A: Algemene Inligting

| | |
|-------------------|---|
| NSEMS | Nasionale Sentrale Elektroniese Monitoringstelsel |
| NTR | Nasionale Tesourieregulasies |
| OGSA | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| OHASA | Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 |
| OO | Organisatoriese Ontwikkeling |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| PA | Prestasie-aanwyser |
| PAIA | Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 |
| PAJA | Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 |
| PASD | Prestasie-aanwyser van strategiese doelwit |
| PFMA | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 |
| POPI | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 |
| PRWK | Provinsiale Regering van die Wes-Kaap |
| PTR | Provinsiale Tesourieregulasies |
| Raad | Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne |
| SA | Senior Advokaat |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisie |
| SARGF | Suid-Afrikaanse Stigting vir Verantwoordelike Dobbelary |
| SCOF | Staande Komitee oor Finansies |
| SCOPA | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| Tipe B LPM | Persele met 6 tot 20 beperkte-uitbetaling-masjiene |
| Tipe C LPM | Persele met 21 tot 40 beperkte-uitbetaling-masjiene |
| TR | Tesourieregulasies |
| UBK | Uitvoerende Bestuurskomitee |
| VBD | Voorafbepaalde doelwit |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VPI | Verbruikersprysindeks |
| WCBD4 | Wes-Kaapse boddokument 4 |
| Wes-Kaap | Die Provinsie van die Wes-Kaap |
| WKOD | Wes-Kaap Onderwysdepartement |
| WKDVOW | Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke |
| WKPT | Wes-Kaap Provinsiale Tesourie |
| WWP | Werknemerwelstandsprogram |

3. VOORWOORD deur die VOORSITTER

Inleiding

IDit is vir my baie aangenaam om die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se Jaarverslag vir die boekjaar 2018/2019 aan te bied.

Die Raad het in pas met sy trotse rekord sy mandaat nagekom en die meerderheid van sy teikens bereik. Die Raad se aktiwiteite het die verwerking van 8 335 lisensie-aansoeke, die uitvoering van 1 306 assesserings by lisensiehouers, die oplossing van ses dispute van klante en hulpverlening aan beroepswedders met 16 self-uitsluitings ingesluit.

Die Raad tree in gesprek met lisensiehouers en die ontvangers van hul verskillende KMI-inisiatiewe om te sorg dat die lisensiehouers in die behoeftes van die ontvangers voorsien en dat die ontvangers die KMI-inisiatiewe tot voordeel van die betrokke gemeenskappe aanwend. In die oorsigjaar het die Raad gesprekke gevoer met vier entiteite wat deur die KMI-inisiatiewe ondersteun word.

Die Raad skakel met beroepswedders wat hulp as probleemdobbelars benodig. In hierdie verband het die Raad gedurende die jaar 16 self-uitsluitings en drie opheffings verwerk. Op hierdie stadium verwerk lisensiehouers eenheid-spesifieke uitsluitings, wat beroepswedders met 'n dobbelprobleem ondersteun.

Die proses en nasionale register vir self-uitgeslote individue is nog nie nasionaal afgehandel nie, en dit noodsaak die Raad om in die tussentyd sy eie prosedures in te stel.

Raadslede

Die Raad het 'n gemagtigde lidmaatskap van sewe lede. Ten tye van die opstel van hierdie verslag het die Raad vyf aangestelde lede gehad.

Drie van die huidige Raadslede se termyn is vir een jaar verleng nadat hulle termyn in Maart 2019 verstryk het. Die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie ondersteun die Minister met die aanstelling van Raadslede om 'n voltallige Raad in plek te hê, aangesien die vakatures druk op die Raad plaas om altyd 'n kworum te behaal.

My termyn as Raadslid en Voorsitter is tot Desember 2020 bevestig. Mnre Bassuday en Faku en me Gantana se termyn is tot Maart 2020 verleng. Me Magazi is vir een jaar tot Junie 2019 as 'n Raadslid aangestel en haar termyn is tot Junie 2020 verleng.

Me Gantana het met ingang van 1 Junie 2019 as 'n Raadslid bedank toe sy as Rekenpligtige Beampte: Provinsiale Tesourie Wes-Kaap aangestel is.

Bewusmakingsprogramme oor die Raad

Die Raad bou voort op sy pogings om goeie verhoudings te vestig en het vennootskappe met die SAPD, SARGF en WKOD, asook gekonsolideerde verhoudings met die Wes-Kaapse Regering, die media en wets-toepassingsagentskappe.

Gedurende die oorsigjaar het die Raad ingrypings by skole in die Wes-Kaap geïnisieer en uitgevoer. Hul vennote was die SAPD, WKOD en SARGF. Hierdie ingrypings was baie suksesvol en is deur die WKOD en skoolbeheerliggame en onderwysers verwelkom.



Mnr D Lakay

Deel A: Algemene Inligting

Onwettige dobbelary

Die Raad het in die oorsigjaar 60 gevalle van onwettige dobbelary ondersoek, waarvan 20 positiewe gevalle was wat tot die inhegtenisname van die beweerde beskuldigdes en die beslaglegging van toestelle gelei het. Daar was 40 ondersoekte met negatiewe resultate, en die Raad sal in die toekoms 'n ander benadering volg sodat minder ondersoekte uitgevoer word as daar 'n waarskynlikheid is dat die resultate negatief sal wees.

Die Departement Regulatiewe Nakoming het met verskeie polisiëringseenhede geskakel en vennootskappe met hulle aangegaan wat sterker sinergieë en resultate tot gevolg gehad het.

Wetgewende wysigings

Die Raad se jaarlikse tariefverhogings in regulatiewe gelde, in ooreenstemming met die VPI-indeks, het op 1 April 2019 in werking getree.

Uitdagings

Die Raad se uitdagings word deur sy beperkings gemotiveer. Dit sluit in: Vakatures in die Raad – wat druk plaas op sy doeltreffendheid om geskeduleerde vergaderings en gevolglik sy mandaat na te kom, en wat lisensiehouers beïnvloed omdat geskeduleerde gebeure nie plaasvind nie – word uitgestel.

Akkommodasie

Die Raad het op 23 April 2019 na 'n nuwe perseel verhuis en het goed daar ingerig.

Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging

Die Raad hou die bedryf deurgaans op hoogte van B-BSEB-aangeleenthede en monitor die gestelde teikens vir die verskeie sektore van die bedryf.

Mediumtermyn doelwitte


Navorsing oor die gebruik van “spelerskaarte” is deur die Raad onderneem om verantwoordelike dobbelary te ondersteun. Die Raad het die aanvanklike fase van inligtingversameling en strukturering voltooi en sal in die nuwe boekjaar die ontwikkeling van die proses vir kommentaar en hersiening voortsit.

Die Raad is versoek om verdere navorsing te doen om finansiëel selfonderhoudend te word en nie van die Wes-Kaapse Regering vir finansiële steun nie afhanklik te wees nie.

Algemeen

Hiermee gee ek erkenning aan die hulp van, en betuig die Raad se innige dank teenoor die Minister vir Finansies, dr IH Meyer, se leiding en ondersteuning tydens sy ampstermyn, die lede van SCOF en SCOPA vir hulle toesighoudende leiding, die amptenare van Provinsiale Tesourie vir hulle vriendelike hulp, my mede-Raadslede en lede van die Ouditkomitee vir hul ondersteuning en die professionele wyse waarop hulle sake doen, en die personeel van die Raad vir die pligsgetroue uitvoering van hul pligte – almal het aansienlik bygedra tot die sukses wat deur die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne behaal is.

Dit is vir my aangenaam om aan te kondig dat die Raad uitvoering aan sy mandaat gegee het en terselfdertyd heelwat op die goedgekeurde begroting bespaar het.



Mnr D Lakay

Voorsitter van die Raad

Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne

31 Augustus 2019

4. OORSIG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

Dit is vir my aangenaam om hiermee 'n oorsig van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne se prestasie vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2019 te gee.

Gedurende die oorsigjaar het die Raad vyftien van sy sewentien goedgekeurde teikens ten volle bereik, en twee daarvan gedeeltelik bereik. 'n Volledige bekendmaking van hierdie teikens word op bladsy 22 tot 32 uiteengesit.

Die Raad se finansiële prestasie het 'n handelsoorskot van R9 430 750 behaal, met 'n gevolglike R1 337 451 wat aan die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie (WKPT) terugbetaalbaar is.

Statutêre inkomste uit eksklusiwiteit- en LPM-operateursgelde het sedertdien verval, en die verlies aan eksklusiwiteitsgelde word sedert 2008 deur die WKPT aangespreek en die verlies aan die LPM-operateursgelde word sedert 2017 deur die WKPT aangespreek. Hierdie aangeleentheid word steeds deur die WKPT aangespreek.

Ten einde die verlies aan hierdie inkomste te dek, het die WKPT begroot om 'n oordrag van R26 864 068 aan die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne te maak.

Die Raad se inkomste- en uitgawebegroting word deur die Kantoor voorberei, deur die Raad aanbeveel, deur die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie hersien en deur die Wes-Kaapse Minister vir Finansies gemagtig.

Die goedgekeurde inkomstebegroting van die WKRDW was R62 459 505 met 'n eie inkomste van R35 595 437. Die werklike opbrengste uit eie inkomste vir die oorsigjaar was R37 575 992, wat 5.6% bo die begrote bedrag is. Redes vir die afwykings word in die finansiële state uiteengesit.

Die Raad se goedgekeurde uitgawebegroting was R57 487 565 vir bedryfsuitgawes en R4 796 940 vir kapitaaluitgawes. Werklike uitgawes was R55 939 596 vir bedryfsuitgawes en R1 790 690 vir kapitaaluitgawes. Redes vir die afwykings word in die finansiële state uiteengesit.

Die Raad het, in ooreenstemming met die beginsel van goeie fiskale beheer, daarin geslaag om sy mandaat na te kom terwyl uitgawes binne die goedgekeurde begroting gehou is en besparings op die totale uitgawebegroting gerealiseer is.

Die Raad het gedurende die jaar voortgegaan om toe te sien dat alle verkryging met die oog op die sterkste fiskale beheer verwerk is en gevolglik het alle verkryging ingevolge die Raad se voorskrifte vir voorsieningskanaalbestuur plaasgevind.

Gegewe die feit dat die Raad 'n toelae van die Wes-Kaapse regering ontvang en op grond van die bepalings in die WKWDW, stort die Raad na afloop van die audit van sy finansiële prestasie formule-berekende oortollige fondse terug in die Wes-Kaapse provinsiale fiskus. Dit het in hierdie oorsigjaar 'n bedrag van R1 337 451 beloop.

Die uitkoms hiervan is dat die Raad 'n lae netto batewaarde openbaar maak. Ondanks die lae netto batewaarde wat in die finansiële state openbaargemaak word, word die Raad steeds as 'n lopende saak beskou met bedryfsbates wat bedryfslaste oorskry en sekere van die bedryfslaste wat voorsienings is.



Mnr P Abrahams

Deel A: Algemene Inligting

Die Raad het ook die mandaat om dobbelbelasting vir die Wes-Kaapse provinsiale fiskus in te vorder en het in hierdie opsig dobbel- en wedbelasting vir die Wes-Kaapse provinsiale fiskus ten bedrae van R624 591 393 ingevorder, wat R85 574 303 meer as die WKPT se gestelde begroting van R539 017 000 is.

Belasting wat ingevorder en aan Kenilworth Racing (Edms) Bpk betaal is, het R22 755 560 beloop.

Daarbenewens het die invordering van lisensiegeld en dobbelboetes vir die Wes-Kaapse provinsiale fiskus R4 135 688 beloop.

Die grootste uitdaging vir die Raad is om finansiëel selfonderhoudend te word. Die Raad se eie inkomste is gegrond op statutêre gelde en enige verandering is aan 'n wetswysiging onderworpe. Die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie is in hierdie verband besig om die wetgewing te wysig sodat die inkomste van die Raad verhoog kan word.

Die Raad het op 23 April 2019 sy kantoor hervestig. Die uitdagings oor die gebrek aan akkommodasie wat voorheen berig is, is nou opgelos.

Hiermee word bevestig dat die bevindings wat die Ouditeur-Generaal in sy 2017/18-oorsig gemaak het, bevredigend aangespreek en in die 2018/19-oorsig deur die Ouditeur-Generaal van getuig is.

Dit is met dankbaarheid dat die Raad hiermee erkenning gee aan die bydrae van Minister dr IH Meyer vir sy leierskap en aanmoediging, die Staande Komitee oor Finansies, die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge vir hul toesig en insette om die Raad se prestasies en infrastruktuur te versterk, die Raadslede vir hul toesig, leiding en leierskap om te verseker dat die Raad aan sy mandaat voldoen, die Ouditkomitee vir toesig en raadgewing en om behoorlike korporatiewe beheer en tegniese geskikte rekeningkundige praktyke te verseker, die amptenare van die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie vir hul insette en leiding en die Raad se werknemers vir hul toegewyde dienste en bydrae om 2018/19 'n suksesvolle jaar te maak.



Mnr P Abrahams
Hoof Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne
31 Augustus 2019

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE FINANSIËLE JAARVERSLAG

Na die beste van ons kennis en wete, bevestig ons die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is in ooreenstemming met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-Generaal geaudit is. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings. Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie. Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is voorberei in ooreenstemming met die AARP-standaarde van toepassing op die Raad.


Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure is verbind om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na ons mening gee die jaarverslag 'n redelike weergawe van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële sake van die Raad vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2019.



Mnr P Abrahams
Hoof Uitvoerende Beampte
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2019



Mnr D Lakay
Voorsitter van die Raad
Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne
31 Augustus 2019

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Die visie van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is om die toonaangewende dobbelary- en wedren-regulatiewe gesag in Afrika te wees.

6.2 Missie

Die hoofdoel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne is om dobbelary en wedrenne binne die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en reguleer op 'n wyse wat:

- 'n stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatiewe omgewing daarstel;
- die publiek se vertroue en geloof in 'n omgewing vry van korrupsie en onwettige dobbelary-aktiwiteite inspireer; en
- op 'n maatskaplik verantwoordelike wyse tot die ekonomie van die Wes-Kaap bydra

6.3 Waardes

In die uitvoering van sy gesamentlike funksies, plaas die Raad die hoogste waarde op:

- **Integriteit**
Die kenmerk om 'n morele of etiese kode en hoë professionele standarde te besit en dit standvastig na te kom.
- **Eerlikheid**
Die eienskap, toestand of kenmerk van eerlike, opregte en moreel waardige gedrag en die nakoming van feite wat aangebied word.
- **Onomkoopbaarheid**
Onvatbaar vir morele korrupsie, veral onvatbaar om deur selfsugtige of basiese belange omgekoop of gemotiveer te word.
- **Deursigtigheid**
Die beginsel dat die Raad sy sake op 'n toeganklike, duidelike en sigbare wyse sal bedryf en dat sy aktiwiteite oop sal wees vir ondersoek deur sy belanghebbendes.
- **Verantwoordelikheid**
Die magtiging om besluite te neem en uitvoering te gee aan die verwagting om sulke besluite te neem en die nodige stappe te doen.
- **Aanspreeklikheid**
Die beginsel dat die Raad verplig is om verantwoordelikheid vir sy optrede, besluite en beleide te demonstreeer en te neem, en dat hy aan die publiek verantwoordbaar is.
- **Ontwikkeling van Menslike Kapitaal**
Aanmoediging van en hulpverlening aan die Raad se werknemers om nuwe vaardighede aan te leer en/of om vaardighede, kennis en standpunte te bevorder deur middel van leer- en opleidingsfasiliteite waar sodanige nuwe idees toegepas kan word.
- **Wedersydse respek**
Aanmoediging van 'n kultuur van wedersydse respek deur elke persoon met waardigheid en gelyke waarde te behandel

7. WETGEWENDE MANDATE

Die volgende nasionale en provinsiale wetgewing het betrekking op die Raad se bedrywighede:

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die basiese diensvoorwaardes vir personeel van die Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne.

Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003 (Wet 53 van 2003) en Kodes soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging; bemagtig die Minister van Handel en Nywerheid om kodes van goeie praktyk uit te reik en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Die Raad pas die wetgewende en beleidsdoelwitte van breëbasis swart ekonomiese bemagtiging toe deur die oplegging van lisensievoorwaardes aan lisensiehouers en voldoen aan die bepalings wat bindend op die Raad as 'n openbare entiteit is.

Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998) soos gewysig

Hierdie Wet bepaal die wetlike raamwerk vir die uitskakeling van onbillike diskriminasie in die werkplek en skryf die prosesse en prosedures voor wat die Raad moet implementeer om 'n diverse en bekwame werksmag te hê wat algemeen verteenwoordigend van die demografie van die Wes-Kaap is.

Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (Wet 38 van 2001), soos gewysig (“FICA”)

Die FICA het die Raad vir Finansiële Intelligensiesentrums en Adviesraad oor Geldwassery ingestel om geldwassery en die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite te bekamp. Die Raad is ingevolge hierdie Wet 'n toesighoudende liggaam en sy lisensiehouers is aanspreeklike instansies. Die FICA lê aan die Raad 'n aantal statutêre pligte, funksies en bevoegdhede op in die uitoefening van sy oorsigtelike en toesighoudende rol in die dobbelbedryf.

Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)

Hierdie Wet bepaal 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike regerings om interregeringsverhoudinge te bevorder en te fasiliteer; om voorsiening te maak vir meganismes en prosedures om die beslegting van interregeringsgeskille te fasiliteer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Arbeidsbetrekkinge, 1995 (Wet 66 van 1995), soos gewysig (“LRA”)

Die LRA reguleer en lei die Raad, as werkgewer, om uitvoering te gee aan die regte, pligte en strukture wat ingevolge die Wet geskep is en verseker sodoende dat daar arbeidsvrede heers en dat die werkplek gedemokratiseer is.

Nasionale Dobbelwet, 2004 (Wet 7 van 2004) en Regulasies

Hierdie Wet bepaal die bevoegdhede van die nasionale en provinsiale dobbelrade met betrekking tot die regulering en beheer van dobbelary en wedrenne in Suid-Afrika. Hierdie Wet, tesame met die Wes-Kaapse Wet op Dobbely en Wedrenne, 1996 en die onderskeie regulasies daarkragtens uitgevaardig, bepaal die statutêre mandaat van die Raad as reguleerder. Hierdie Wet maak verder voorsiening vir eenvormige norme en standaarde met betrekking tot dobbelary en wedrenne regoor die Republiek.

Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) soos gewysig

Hierdie Wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van persone by die werk en vir die gesondheid en veiligheid van persone in verband met die gebruik van bedryfstoerusting en masjinerie; die beskerming van ander persone teen gesondheids- en veiligheidsgevaare wat ontstaan uit of in verband met die werkplek; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Deel A: Algemene Inligting

Wet op 'n Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging, 2000 (Wet 5 van 2000) en Regulasies

Hierdie Wet bepaal die raamwerk waarvolgens die Raad uitvoering moet gee aan die grondwetlike vereiste om 'n beleid en stelsel vir voorkeurverkryging te implementeer wat regverdig, billik, deursigtig en kostedoeltreffend is.

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (“PAIA”)

PAIA bepaal die statutêre proses waarvolgens aansoeke of versoeke om toegang tot inligting oorweeg en verwerk word en gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot inligting. Dit is van toepassing op private entiteite of organisasies asook openbare liggame.

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (“PAJA”)

PAJA is verorden op grond van artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is en die reg om skriftelike redes vir administratiewe optrede aan te vra. As 'n openbare liggaam is die Raad verplig om uitvoering te gee aan die beginsels van prosedureel billike administratiewe optrede, soos bepaal deur hierdie Wet.

Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (“POPI”) soos gewysig

Die doelwitte van POPI is onder meer om die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word, te bevorder; om sekere voorwaardes te bepaal om die minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting te stel en om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Inligtingsreguleerder om sekere bevoegdhede uit te oefen en sekere pligte en werksaamhede kragtens hierdie Wet uit te voer. Sekere bepalinge van POPI het op 11 April 2014 in werking getree, maar die res van die bepalinge sal in werking tree op 'n datum wat deur die President in die Staatskoerant aangekondig moet word.

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (“PFMA”) soos gewysig

Die Raad is 'n Skedule 3C Provinsiale Openbare Entiteit en word deur hierdie Wet se bepalinge insake finansiële en begrotingsbestuur geregleer. Die hoofdoelwit van die PFMA is om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van staatsinstellings en -departemente doeltreffend en effektief bestuur word; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van persone aan wie finansiële bestuur in die regering toevertrou is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Vaardighedsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Hierdie Wet bepaal 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektorale en werkplekstrategieë te ontwerp en implementeer om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werkmag te ontwikkel en verbeter; om daardie strategieë te integreer by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk soos beoog in die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995; om vir leerderskappe te voorsien wat sal lei tot erkende beroepskwalifikasies; om vir die finansiering van vaardighedsontwikkeling deur middel van 'n heffingstoelaeskema en 'n Nasionale Vaardighede-fonds voorsiening te maak; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Wet op Vaardighedsontwikkelingsheffings, 1999 (Wet 9 van 1999)

Hierdie Wet bepaal die oplegging van 'n vaardighedsontwikkelingsheffings; en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.


Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996)

Dit is die hoogste reg van die land en bied 'n uiteensetting van onder meer Suid-Afrika se stelsel van regering, die rol en verantwoordelikhede van die verskillende vlakke van regering, en die basiese menseregte van alle burgers, en skep 'n aantal grondwetlike instellings.

Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996 (Wet 4 van 1996), soos gewysig, en Regulasies

Dit is die primêre wetgewing wat die Raad se funksies en bevoegdhede reguleer. Dit bepaal onder meer die vestiging en werksaamhede van die Raad, die tipe lisensies wat die Raad gemagtig is om te oorweeg asook die Raad se bronne van befondsing. Dit maak verder voorsiening vir die oplegging van statutêre belasting en gelde betaalbaar deur lisensiehouers, asook administratiewe boetes vir nienakoming.

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR Soos op 31 Augustus 2019



Deel B



Prestasie-inligting

1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAAALDE DOELWITTE

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika voer die nodige auditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n auditbevinding te gee. Die auditbevinding oor die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met bevindings wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatiewe vereistes van die ouditeur se verslag gerapporteer word.

Verwys na bladsy 72 van hierdie verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

2. SITUASIE-ONTLEDING

2.1 Diensleweringomgewing

ADie wettige dobbelary- en wedrenbedryf in die Wes-Kaap het soos op 31 Maart 2019 bestaan uit:

- 5 gelisensieerde casino's;
- 2 gelisensieerde LPM-roete-operateurs;
- 43 gelisensieerde boekmakers;
- 1 gelisensieerde totalisator;
- 640 gelisensieerde persele; (432 LPM-persele, 54 totalisatorpersele en 154 boekmakerpersele);
- 6 040 gelisensieerde dobbeltoestelle; en
- 7 195 werknemerlisensies

en strek oor die volle geografiese gebied van die Wes-Kaap.

Die Raad ontvang steeds lisensie-aansoeke vir LPM-persele, boekmakers en boekmakerpersele en totalisatorpersele.

Aangesien die bovermelde persele dikwels gesetel is in 'n gemeenskap waar die wooneenhede nabygeleë is, is openbare deelname deel van die proses.

Wanneer kommentaar en besware ten opsigte van die geadverteerde lisensie-aansoeke ontvang word, en die aard van sodanige besware is teen die perseel/terrein of die aansoeker wat 'n belang in die dobbelonderneming wil bekom, kan dit nodig wees om 'n openbare verhoor te belê om die proses van openbare deelname en oorweging van die aansoek te fasiliteer.

Die Raad moet 'n aantal aspekte oorweeg wanneer 'n aansoek om 'n lisensie ontvang word, en moet sodoende die belange van die gemeenskap opweeg teen die geleentheid om 'n wettige onderneming te bedryf wat aan 'n hoë mate van regulering onderhewig is.

Die aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n aansoek om 'n lisensie oorweeg word, sluit in die finansiële, persoonlike en misdaadgeskiedenis van aansoekers wat vasgestel word deur deugszaamheidsondersoeke te doen op alle lisensie-aansoekers, asook bevindings van geskiktheid. Hierbenewens word aansoeke vir openbare kommentaar geadverteer, en waar besware nadelige inligting aan die lig bring ten opsigte van die lisensie-aansoeker of die geskiktheid van die perseel vir lisensiering of enige persoon wat 'n finansiële belang van 5% of meer in die aansoeker het, belê die raad 'n openbare verhoor. Die openbare verhoor is 'n oop forum vir lede van die publiek en belanghebbende partye om bewyse aan die Raad voor te lê en vir die aansoeker om die inligting wat aan die Raad voorgelê word, in verhoor te neem. Alle voorleggings, insluitend enige skriftelike besware en kommentaar, word tydens die Raad se beoordelingsprosesse oorweeg voordat die uitkoms van 'n aansoek finaal bepaal word.

Die Raad het gelas dat die nodige navorsing gedoen word, en dat die vereiste regulatiewe proses en reëls opgestel word om die toekomstige uitrol van Tipe B- en C-lisensies te fasiliteer. Dit sal onder meer 'n oorsig en aanbevelings met betrekking tot KMI, B-BSEB en korporatiewe vereistes insluit wat as voorvereistes gestel sal word vir persone en entiteite wat daarin belangstel om vir hierdie kategorieë LPM-perseellisensies aansoek te doen. Enige besluit om hierdie lisensies in werking te stel, sal deur 'n openbare deelnameproses voorafgegaan word, soos deur die PAJA bepaal. Hierdie proses is begin na aanleiding van die volwassenheid van die LPM-sektor in die Wes-Kaap,

die belangstelling wat deur betrokke belanghebbendes aangedui is en die potensiële voordele vir gemeenskappe, voorheen benadeelde persone, klein en medium ondernemings en die ekonomie van die Provinsie.

Hierbenewens sal sodanige aansoeke die huidige ekonomiese klimaat en die sosio-ekonomiese aspekte van die gebied waar die LPM-aansoeker geleë is, in ag neem. Ander regulatiewe liggame moet ook op grond van hul verantwoordelikhedsgebiede goedkeuring verleen, soos byvoorbeeld die Nasionale Dobbelraad en die betrokke munisipale owerheid.

Fenomenale groei is gedurende die oorsigjaar in weddenskappe in sowel sport- as nommers ervaar. Daar was ook 'n geregtelike uitdaging met betrekking tot die wettige toelaatbaarheid van sekere afgeleide funksies van nommerweddery. Die aansoek is sedertdien teruggetrek, maar dit kan wees dat 'n hof nog die korrekte regsposisie in hierdie verband moet beslis. Kommer is deur die Nasionale Loterye Kommissie (NLK) uitgespreek oor boekmakers wat hierdie aanbod aan die publiek beskikbaar stel. Die Raad verwag dat die NLK moontlik 'n aansoek by die hof kan indien oor hierdie aanbod, en dit sal boekmakers landswyd raak en nie slegs die gelisensieerde boekmakers in die Wes-Kaap nie. Die Raad was in gesprekvoering met die NLK oor hierdie aangeleentheid.

Daar was in vergelyking met die vorige jaar 'n afname in die aangemelde aktiwiteite wat met onwettige dobbelary verband hou, en dit kan wees as gevolg van die Raad se bewusmaking oor gewettigde dobbelary in die gemeenskappe asook die toenemende pogings van die plaaslike SAPD-beamptes.

Die Raad maak voorsiening vir 'n aanlyn liasseerstelsel van dobbelbelastingopgawes vir die wedderybedryf en 'n elektroniese stelsel vir die casino- en LPM-sektore; dit versterk die Raad se vermoë om belastingopgawes te rekonsilieer en om die gevolglike oudit uit te voer.

Die Raad volg 'n bestendige benadering met die toepassing van beleide en prosedures, en terwyl tegnologiese vordering in die bedryf wel van tyd tot tyd uitdagings aan die Raad stel, soos versoeke wat van lisensiehouers ontvang word, sal die Raad nie toegee om te alle tye nakoming te verseker nie. Hierdie benadering is goed bekend aan rolspelers in die bedryf, wat soms nie huiwer om die howe te nader wanneer die Raad se besluite nie gunstig vir hul onderneming blyk te wees nie.

In gevalle waar nienakoming wel geïdentifiseer word, is dit nie die Raad se benadering om vanselfsprekend finansiële strawwe op te lê sonder om alle faktore te oorweeg en die lisensiehouer 'n geleentheid te bied om redes vir nienakoming asook maatreëls om nakoming te verseker, voor te lê nie. Daar is verskeie faktore wat die Raad in hierdie verband in ag sal neem, insluitend, maar nie beperk nie tot die volgende:

- Aard van die oortreding;
- Erns van die oortreding;
- Impak of moontlike impak van oortreding;
- Of sodanige oortreding die eerste of 'n gevolglike oortreding is;
- Die regstellende stappe wat deur die lisensiehouer gedoen is om 'n herhaling te voorkom; en
- Die mate van samewerking wat deur die lisensiehouer openbaar is.

Ten einde openbare bewustheid oor die Raad se funksies en die negatiewe gevolge van probleemdobbelary te skep, het die Raad vennootskappe met verskeie openbare organisasies aangegaan, insluitend die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteek, Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek, Nasionale Vervolgingsgesag, Staatsinligting- en Kommunikasiesstelsel, Wes-Kaap Onderwysdepartement, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die SAPD om gesamentlik pogings aan te wend om bewustheid oor die Raad se pligte en funksies te verseker.

'n Versoek deur een van die lisensiehouers om plesiertogte in die Wes-Kaap te oorweeg, het daartoe gelei dat Provinsiale Tesourie die dienste van 'n maatskappy bekom het om navorsing te doen en verslag te lewer oor onder meer:

- die verskillende opsies vir plesiertogte in verskillende regsgebiede;
- die potensiële ekonomiese voordele en risiko's;
- belastingmodel om potensiële inkomste vir die provinsie te optimeer; en

Deel B: Prestasie-inligting

- ekonomiese model van potensieële voordele.


'n Plesiertog-operateur kan omskryf word as 'n persoon of korporatiewe liggaam wat komplimentêre ritte na 'n casino voorsien aan 'n beroepswedder wat onderneem om 'n ooreengekome minimumbedrag tydens sy/haar verblyf by die onderneming te wed. Die plesiertog-operateur sal teen 'n vasgestelde fooi 'n ooreenkoms met die casino-operateur aangaan. Die eerste konsep van hierdie verslag is reeds vir kommentaar gesirkuleer en die finale verslag sal teen Desember 2019 voltooi wees.

Die wedderybedryf het baie innoverend geraak in terme van die gebeurlikhede waarop hulle weddenskappe wil aanbied, en die jongste versoeke was ten opsigte van casino-tipe spel. Terwyl daar verskillende opsies is met betrekking tot die wyse waarop spele beskikbaar gestel sal word, het die Raad op hierdie stadium besluit dat, gegewe die inligting tot ons beskikking, goedkeuring hiervoor nie toegestaan kan word nie.

1 000 LPM's is aan elk van die twee roete-operateurs in kwalifiserende persele toegestaan as 'n vorm van sekondêre vermaak aan bestaande klante van dié ondernemings. Die Raad laat tans slegs een permit toe vir wat algemeen na verwys word as Tipe A LPM's, waar 'n roete-operateur tot vyf LPM's in 'n perseel kan plaas. Dit het beide operateurs ongeveer 15 jaar geneem om die toegekende kwota masjiene te installeer, aangesien aansoeke om 'n perseellisensie 'n proses van deugsamheidsondersoeke en openbare deelname deurloop, en dit behels dikwels 'n openbare verhoor. Die Raad het op versoek van die twee roete-operateurs 'n bykomende 500 masjiene aan elke operateur toegeken om dieselfde Tipe A LPM-persele op te stel. Dieselfde proses van deugsamheidsondersoeke en openbare deelname sal vir hierdie tweede toekenning geld.

Daar moet uit die staanspoor kennis geneem word dat die mandaat en operasionele aktiwiteite van die Raad in belyning is met die volgende Provinsiale Strategiese Doelwitte en Uitkomst van die Nasionale Ontwikkelingsplan:

- PSD 1 - Om geleenthede vir groei en werk te skep.
- PSD 2 - Verbeter onderwysuitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling.
- PSD 3 - Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike euwels aan.
- PSD 4 - Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, goeie-gehalte en inklusiewe lewensomgewing.
- PSD 5 - Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing.
- Nasionale Uitkoms 6 (MTR 2014-2019 en NOP 2030) - 'n Doeltreffende, mededingende en responsiewe ekonomiese infrastruktuurnetwerk.
- Nasionale Uitkoms 12 (MTR 2014-2019 en NOP 2030) - 'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgerigte staatsdiens.



| Geografiese verspreiding van gelisensieerde dobbelbedrywighede | | | | | | |
|--|-----------------------|-----------|------------------------|---------------|-------------|------------------------|
| Persele | 1 Stad Kaapstad | 2 Eden | 3 Kaapse Wynland | 4 Overberg | 5 Weskus | 6 Sentraal Karoo |
| Casino's - 5 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 |
| LPM-persele - 432 | 285 | 43 | 43 | 22 | 38 | 1 |
| Boekmakers - 154 | 134 | 7 | 11 | 0 | 2 | 0 |
| Totalisators - 54 | 45 | 2 | 4 | 0 | 3 | 0 |

2.2 Organisasoriese omgewing

Die ampstermyn van drie van die Raad se lede het in die oorsigjaar ten einde geloop. Die Uitvoerende Gesag het vervolgens hul ampstermyn met nog 'n jaar verleng. Hierbenewens is die voorsitter vir 'n tweejaartermyn met ingang van 11 Desember 2018 aangestel, terwyl 'n ander lid se termyn vir nog 'n jaar met ingang van 11 Junie 2019 verleng is.

Gevolglik het die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne slegs ses van die gemagtigde sewe Raadslede in diens gehad. Hierdie toedrag van sake en die feit dat die Raad 'n kworum van vyf lede moet hê om 'n Raadsvergadering te hou, het veroorsaak dat die Raad sy vergaderings moes skommel en alternatiewe metodes moes gebruik om toe te sien dat die Raad se mandaat nagekom is.

Die Raad het ook as gevolg van belanghebbende-ingrypings en -besluite met die vertraagde implementering van sy besluite en studies te make gehad. Dit het daartoe gelei dat die Raad geloofwaardigheid in die bedryf verloor het en dat sy beeld beskadig is, en die Raad moes herhaaldelik sy optrede aan die bedryf verduidelik.

Die aan-af-oponhoud in die bevestiging en inrigting van alternatiewe akkommodasie het nie alleenlik tot die toename in werknemers se demotivering en frustrasie gelei nie, maar ook Raadslede se ongeduld met die uitvoering van sy besluit oor hierdie aangeleentheid.

Na afloop van die hersiening van die Organisasoriese Ontwerp met betrekking tot sekere administratiewe poste wat onveranderd gebly het, was die betrokke werknemers nie bereid om enige take buiten dié in hul ooreengekome posbeskrywings te aanvaar nie. Daardie aktiwiteite is uit hul daaglikse roetine verwyder en alternatiewe prosedures is ingestel om die voltooiing van daardie take te verseker.

Ten einde die suksesvolle nakoming van sy mandaat te verseker, moes die Raadslede en uitvoerende komitee sorg dat die personeel gemotiveer en geïnspireer bly. Dit is goed om te weet dat, ten spyte van al die bovermelde, die Raad sy mandaat nagekom het en die meerderheid van sy teikens vir die oorsigjaar bereik het.

2.3 Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Die Raad skenk steeds aandag aan die uitdagings wat ervaar is met die implementering van die lisensievoorwaardes wat ten opsigte van die hersiene B-BSEB-kodes aan lisensiehouers opgelê is. Hierdie voorwaardes word jaarliks hersien en verskillende voorwaardes word opgelê in die mate dat dit nodig en redelik is om die bemagtiging en opheffing te maksimeer van persone wat veronderstel is om deur die regering se transformasiedoelwitte bevoordeel te word. Die Raad se bevoegdheid om voorwaardes op te lê om breedgebaseerde bemagtiging te bevorder en daaraan uitvoering te gee, is regmatig uitgedaag en in die Wes-Kaapse Hoërhof aangehoor, en die uitspraak is voorbehou.

Deel B: Prestasie-inligting

Die Portefeuljekomitee oor Handel en Nywerheid het gedurende die oorsigtydperk verhoor met die publiek en belanghebbendes gehou om insette op die Konsepwysigingswetsontwerp op Nasionale Dobbelary te oorweeg. Die omvang van die wetsontwerp is aansienlik ingeperk en beperk tot die hersamestelling van die Nasionale Raad op Dobbelary, die uitbreiding van die nasionale sentrale elektroniese bestuurstelsel na ander vorme van dobbel, en die hantering van die bestuurskwessies wat die Raad op Nasionale Beleid beïnvloed.

Die Wes-Kaapse Regulasies op Dobbelary en Wedrenne (Gelde en Koste) is op 26 Maart 2018 gewysig om inflasionêre verhogings in die statutêre aansoek-, lisensie- en ondersoekgelde aan te bring. Hierdie gelde word jaarliks vir inflasie-aanpassing bygewerk.

2.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Om te verseker dat die Raad, in die nastrewing van sy mandaat, met betrekking tot die regulering van die dobbelbedryf sy struktuur, hulpbronne en prosesse ontwerp en aanwend vir die effektiewe, doeltreffende en optimale uitvoering van sy pligte. |
| Vordering | Die Raad reguleer dobbelary in die provinsie om te verseker dat die bedryf vry is van kriminele elemente, dat die maksimum voordeel van die gelisensieerde aktiwiteite behaal word, dat sodanige aktiwiteite regverdig teenoor kliënte is en dat kwesbare persone die nodige beskerming ontvang. Ter bereiking van hierdie doelwitte sal die Raad 'n geloofwaardige en goed gereguleerde bedryf handhaaf en bevorder wat nasionaal asook internasionaal hoogs gerespekteer word. |

3. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM

3.1 Program 1: Raad en Administrasie

Doel van die program

Om dobbelary in die Provinsie van die Wes-Kaap te beheer en reguleer.

Programbeskrywing

Om die strategiese rigting te bepaal en ondersteuningsdienste van gehalte aan die Raad en die belanghebbendes te lewer.

Strategiese doelwit

- Om leierskap en toesig te bied vir alle funksies van die Raad om 'n doeltreffende en doelmatige administrasie te verseker.
- Om doeltreffende en effektiewe bestuur van alle funksies van die kantoor van die Raad te voorsien.
- Om regsadviserende steun- en navorsingsdienste aan die Raad en sy kantoor te lewer.
- Om die Raad te help verseker dat MH- beste praktyke nagekom en 'n toepaslik bevoegde werksmag gehandhaaf word.
- Om alle beleide en prosedures van ADFIN te hersien vir toepaslikheid en doeltreffendheid, en om die beskikbare hulpbronne toe te wys om die beleide en prosesse gedurende die tydperk uit te voer.

Programstruktuur

Raadskomitees en ander gebeure: **R804.24** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Ondervoorsitter:

Raadsvergaderings: **R4 999.36** per vergadering.

Raadskomitees en ander gebeure: **R624.92** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Waarnemend as Voorsitter:

Raadsvergaderings: **R5 601.52** per vergadering.

Raadskomitees en ander gebeure: **R700.19** per uur tot 'n maksimum van 8 uur.

Deel C: Regulering

VERGOEDING VAN RAADSLEDE

| | Vergoeding - Raads- vergaderings | Vergoeding - Komitee- vergaderings en Ander* | Vergoeding - Bywoning van konferensies | Onderhouds- toelae | Ander terug- betalings | Lid se totale vergoeding |
|-----------------------------|--|---|--|-----------------------|---------------------------|-----------------------------|
| Naam | R | R | R | R | R | R |
| Mnr D Lakay (Voorsitter) | 83 640.96 | 242 264.40 | 57 905.28 | 28 794.15 | 16 174.18 | 428 778.97 |
| Mnr CA Bassuday | 64 991.68 | 80 824.21 | 43 691.04 | 13 356.84 | 4 417.40 | 207 281.17 |
| Mnr S Faku** | 59 992.32 | 104 986.50 | 19 997.44 | 3 024.50 | - | 188 000.76 |
| Me C Fani | 59 992.32 | 73 375.97 | 19 997.44 | 3 342.72 | 1 392.19 | 158 100.64 |
| Me JD Gantana | - | - | - | 28 794.15 | 58.83 | 28 852.98 |
| Me M Magazi | 44 994.24 | 73 688.48 | 19 997.44 | 3 342.72 | 7 242.67 | 149 265.55 |
| Totaal | 313 611.52 | 575 139.56 | 161 588.64 | 80 655.08 | 29 285.27 | 1 160 280.07 |

*Sluit ad hoc-vergaderings buiten Raad- en komiteevergaderings in, byvoorbeeld vergaderings met die Provinsiale Tesourie en die Minister van Finansies, asook tyd wat aan ander Raadsaangeleenthede bestee is.

**Raadslid woon buite die Wes-Kaap Provinsie en word vir komiteevergaderings op 'n agt-uur basis vergoed, met inagneming van voorbereidings, bywoningstyd en reistyd.

BUITELANDSE REISE VAN RAADSLEDE

Konferensie: IAGA-konferensie, Macau, Hong Kong - 12 tot 18 Mei 2018

Voordele uit bywoning verkry: Die konferensie word deur regulatiewe en bedryfswedderly-adviseurs van regoor die wêreld bygewoon. Die voordele wat uit bywoning verkry word, is die voorleggings en gesprekvoering oor 'n wye reeks regulatiewe aangeleenthede, insluitend tegnologiese ontwikkelings, verantwoordelike dobbel en E-sport. Die afvaardiging het ook 'n oriëntasie van die BBP-wedderly-area en samesprekings met een van Macau se grootste casino-operateurs in plesiertog-/BBP-wedderly gereël.

| Naam | Pos- benaming | Reis en verblyf R | Vlieg- kaartjies R | Kon- ferensie- gelde R | Onder- houds- toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|--------------------|------------------|-------------------------|--------------------------|---------------------------------|---------------------------------|------------------|------------|------------------|
| Mnr CA Bassuday | Raadslid | 19 093.03 | 11 180.40 | 6 343.14 | 10 014.12 | 23 693.60 | - | 70 324.29 |
| Totaal | | 19 093.03 | 11 180.40 | 6 343.14 | 10 014.12 | 23 693.60 | - | 70 324.29 |

Konferensie: GRAF-konferensie, Botswana – 26 tot 30 Augustus 2018

Voordele uit bywoning verkry:

1. Begrip van hoe 'n reguleerder 'n wesentliche verandering aan die wetgewing en die bedryf in 'n bestaande omgewing kan maak.
2. Waardering vir die voordele om die loterye en dobbelary in 'n land onder een wetgewing te beheer.
3. Waardering vir die noodsaaklikheid dat reguleerders, as gevolg van die snelle verandering in die bedryf, kapasiteit ten opsigte van tegniese standaarde en stelsels moet bou en handhaaf.
4. Bepaling dat dobbelary-standaarde op 'n meer aanpasbare wyse, eerder as voorskrywend, opgestel moet word om die onbelemmerde bedryf van die besigheid te bevorder.
5. Beslissing dat die gebrek aan of versuim van die regulering van aanlyn dobbelary meer kwessies met onwettige dobbelary asook probleme skep.
6. Bewustheid oor die jongste aanbiedinge waarvoor ons moet voorberei: virtuele speletjies, e-wedery, verbruikbare virtuele items ('loot boxes') en blokketting ('blockchain').
7. Jongste neigings met betrekking tot probleemdobbelary, beskerming van verbruikersinligting en geldwassery.
8. Voorleggings oor die risiko's met betrekking tot die verhoging in dobbelbelasting asook die sosio-ekonomiese voordele van geregleerde dobbelary

| Naam | Pos-benaming | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|------------------------|-------------------------|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|-------------------|----------|-------------------|
| Mnr CA Bassuday | Raadslid | 8 636.72 | 11 910.00 | 3 340.00 | 3 342.72 | 19 997.44 | - | 47 226.88 |
| Mnr S Faku | Raadslid | 9 298.72 | 6 254.18 | 3 340.00 | 3 024.50 | 19 997.44 | - | 41 914.84 |
| Me C Fani | Raadslid | 8 636.72 | 11 910.00 | 3 340.00 | 3 342.72 | 19 997.44 | - | 47 226.88 |
| Me JD Gantana | Raadslid | 8 636.72 | 11 910.00 | 3 340.00 | 3 342.72 | - | - | 27 229.44 |
| Me M Magazi | Raadslid | 8 636.72 | 11 910.00 | 3 340.00 | 3 342.72 | 19 997.44 | - | 47 226.88 |
| Mnr D Lakay | Voorsitter van die Raad | 8 636.72 | 11 910.00 | 3 340.00 | 3 342.72 | 25 735.68 | - | 52 965.12 |
| Totaal | | 52 482.32 | 65 804.18 | 20 040.00 | 19 738.10 | 105 725.44 | - | 263 790.04 |

Deel C: Regulering

Konferensie: IAGR-konferensie, Kopenhagen, Denemarke – 15 tot 22 September 2018

Voordele uit bywoning verkry: Die bywoning van hierdie konferensie het die Raad in staat gestel om van ons eie jurisdiksie-ervarings te deel, veral dié wat met Maatskaplike Investering deur lisensiehouers verband hou. Insigte oor die vordering in sport-/aanlyn dobbelary en veral die tegnologiese vordering wat deur baie jurisdiksies gemaak is, en grotendeels die poging deur baie jurisdiksies om aanlyn dobbelary te reguleer.

| Naam | Pos-benaming | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|---------------|-------------------------|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|------------------|----------|-------------------|
| Me JD Gantana | Raadslid | 23 178.00 | 10 667.68 | 11 718.77 | 25 451.43 | - | - | 71 015.88 |
| Mnr D Lakay | Voorsitter van die Raad | 23 178.00 | 10 667.68 | 11 718.77 | 25 451.43 | 32 169.60 | - | 103 185.48 |
| Totaal | | 46 356.00 | 21 335.36 | 23 437.54 | 50 902.86 | 32 169.60 | - | 174 201.36 |

| Konferensie | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|---|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|-------------------|----------|-------------------|
| IAGA-konferensie, Macau, Hong Kong | 19 093.03 | 11 180.40 | 6 343.14 | 10 014.12 | 23 693.60 | - | 70 324.29 |
| GRAF-konferensie, Botswana | 52 482.32 | 65 804.18 | 20 040.00 | 19 738.10 | 105 725.44 | - | 263 790.04 |
| IAGR-konferensie, Kopenhagen, Denemarke | 46 356.00 | 21 335.36 | 23 437.54 | 50 902.86 | 32 169.60 | - | 174 201.36 |
| Totaal | 117 931.35 | 98 319.94 | 49 820.68 | 80 655.08 | 161 588.64 | - | 508 315.69 |

PERSONEEL SE BUITELANDSE REISE

Konferensie: IAGA-konferensie, Macau, Hong Kong - 12 tot 18 Mei 2018

Voordele uit bywoning verkry: Die konferensie word deur regulatiewe en bedryfswedderly-adviseurs van regoor die wêreld bygewoon. Die voordele wat uit bywoning verkry word, is die voorleggings en gesprekvoering oor 'n wye reeks regulatiewe aangeleenthede, insluitend tegnologiese ontwikkelings, verantwoordelike dobbel en E-sport. Die afvaardiging het ook 'n oriëntasie van die BBP-wedderly-area en samesprekings met een van Macau se grootste casino-operateurs in plesiertog-/BBP-wedderly gereël.

| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|---------------------|----------------------------|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|---------|---------|-------------------|
| Me Y Skepu | Bestuurder: Regsdienste | 23 025.35 | 11 180.40 | 6 343.14 | 13 249.98 | - | - | 53 798.87 |
| Mnr W Bowers | Bestuurder: MH | 21 684.62 | 15 513.40 | 6 333.97 | 13 249.98 | - | - | 56 781.97 |
| Totaal | | 44 709.97 | 26 693.80 | 12 677.11 | 26 499.96 | - | - | 110 580.84 |

Deel C: Regulering

Konferensie: GRAF-konferensie, Botswana – 26 tot 30 Augustus 2018

Voordele uit bywoning verkry:

1. Begrip van hoe 'n reguleerder 'n wesentliche verandering aan die wetgewing en die bedryf in 'n bestaande omgewing kan maak.
2. Waardering vir die voordele om die loterye en dobbelary in 'n land onder een wetgewing te beheer.
3. Waardering vir die noodsaaklikheid dat reguleerders, as gevolg van die snelle verandering in die bedryf, kapasiteit ten opsigte van tegniese standaarde en stelsels moet bou en handhaaf.
4. Bepaling dat dobbelary-standaarde op 'n meer aanpasbare wyse, eerder as voorskrywend, opgestel moet word om die onbelemmerde bedryf van die besigheid te bevorder.
5. Beslissing dat die gebrek aan of versuim van die regulering van aanlyn dobbelary meer kwessies met onwettige dobbelary asook probleme skep.
6. Bewustheid oor die jongste aanbiedinge waarvoor ons moet voorberei: virtuele speletjies, e-wedery, verbruikbare virtuele items ('loot boxes') en blokketting ('blockchain').
7. Jongste neigings met betrekking tot probleemdobbelary, beskerming van verbruikersinligting en geldwassery.
8. Voorleggings oor die risiko's met betrekking tot die verhoging in dobbelbelasting asook die sosio-ekonomiese voordele van geregleerde dobbelary.

| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|-----------------------|---------------------------|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|---------|---------|-------------------|
| Me M Basson | DH – Lisensiëring | 10 427.90 | 3 867.72 | 3 340.00 | 4 149.80 | - | - | 21 785.42 |
| Mnr R Bennett | DH – Regulatiewe Nakoming | 22 824.86 | 3 877.72 | 3 340.00 | 4 149.80 | - | - | 34 192.38 |
| Mnr W Bowers | Bestuurder: MH | 10 427.90 | 11 400.90 | 3 340.00 | 4 164.44 | - | - | 29 333.24 |
| Mnr A Matthews | DH – IKT | 10 427.90 | 3 877.72 | 3 340.00 | 4 149.80 | - | - | 21 795.42 |
| Me Z Siwa | DH: ADFIN/HUB | 10 427.90 | 3 981.22 | 3 340.00 | 3 989.73 | - | - | 21 738.85 |
| Me Y Skepu | Bestuurder: Regsdienste | 10 427.90 | 3 877.70 | 3 340.00 | 4 149.84 | - | - | 21 795.44 |
| Totaal | | 74 964.36 | 30 882.98 | 20 040.00 | 24 753.41 | - | - | 150 640.75 |

Konferensie: IAGR-konferensie, Kopenhagen, Denemarke – 15 tot 22 September 2018

Voordele uit bywoning verkry: Die bywoning van hierdie konferensie het die Raad in staat gestel om van ons eie jurisdiksie-ervarings te deel, veral dié wat met Maatskaplike Investering deur lisensiehouers verband hou. Insigte oor die vordering in sport-/aanlyn dobbelary en veral die tegnologiese vordering wat deur baie jurisdiksies gemaak is, en grotendeels die poging deur baie jurisdiksies om aanlyn dobbelary te reguleer.

| Naam | Posbenaming | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|--------------------|----------------------|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|---------|---------|-------------------|
| Me M Basson | DH – Lisensiëring | 23 178.00 | 10 667.68 | 11 718.77 | 25 451.43 | - | - | 71 015.88 |
| Me Z Siwa | DH: ADFIN/ HUB | 23 178.00 | 10 667.68 | 11 718.77 | 25 451.43 | - | - | 71 015.88 |
| Totaal | | 46 356.00 | 21 335.36 | 23 437.54 | 50 902.86 | - | - | 142 031.76 |

| Konferensie | Reis en verblyf R | Vlieg-kaartjies R | Konferensie-gelde R | Onderhouds-toelae R | Gelde R | Ander R | Totaal R |
|---|-------------------|-------------------|---------------------|---------------------|---------|---------|-------------------|
| IAGA-konferensie, Macau, Hong Kong | 44 709.97 | 26 693.80 | 12 677.11 | 26 499.96 | - | - | 110 580.84 |
| GRAF-konferensie, Botswana | 74 964.36 | 30 882.98 | 20 040.00 | 24 753.41 | - | - | 150 640.75 |
| IAGR-konferensie, Kopenhagen, Denemarke | 46 356.00 | 21 335.36 | 23 437.54 | 50 902.86 | - | - | 142 031.76 |
| Totaal | 166 030.33 | 78 912.14 | 56 154.65 | 102 156.23 | - | - | 403 253.35 |

Deel C: Regulering

BESLUIE VAN STAANDE KOMITEE VOORTVLOEIEND UIT DIE 2017/18 JAARVERSLAG

| STAANDE KOMITEE OOR OPENBARE REKENINGE | | |
|--|---|---------------------------------------|
| Datum van besluit | Besonderhede | Vordering met implementering |
| 14 Desember 2018 | Dat die entiteit, of die Departement van die Premier, die komitee voorsien van die omvang van die ouditfunksie wanneer eksterne ouditeure as interne ouditeure deur enige entiteit van die Wes-Kaapse regering gekontrakteer word. Verder word daar versoek dat die entiteit, of die Departement van die Premier, die komitee voorsien van die betalingskedule waarvolgens die eksterne ouditeursfirmas gefaktureer en uiteindelik betaal word. | Versoek word ingewag. |
| 14 Desember 2018 | Dat die entiteit die komitee inlig oor die Raad se vergoedingsooreenkomste, insluitend die betaling van Raadslede se salarisse wat in ooreenstemming met die voorskrifte van die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DPSA) moet wees. | Wag op die datum van die vergadering. |
| 14 Desember 2018 | Dat die entiteit in alle toekomstige jaarverslae 'n finansiële uiteensetting gee met betrekking tot die aantal vergaderings wat deur die raadslede en komiteelede van die entiteit bygewoon word. | Jaarverslag bygewerk. |
| 14 Desember 2018 | Dat die entiteit tydens verslagdoening oor sy finansiële inligting die uitleg van die jaarverslag van die Departement van Vervoer en Openbare Werke vir die boekjaar 2016/17 bestudeer en volg. | Onder hande. |
| 14 Desember 2018 | Dat die entiteit 'n meganisme ontwikkel en implementeer wat sal toesien dat die Raad op sy vlak die inisiëring van verskillende KMI-programme oorweeg. | Onder hande. |

4. RISIKOBESTUUR

Risiko is 'n inherente deel van enige onderneming en organisasie. Risikobestuur is dus 'n noodsaaklikheid om die sukses van enige organisasie te verseker.

Risiko's word jaarliks met die Jaarlikse Prestasieplan en die vasstelling van teikens geëvalueer. Risiko word kwartaalliks hersien om versagende kontroles vir ontluikende risiko's suksesvol te implementeer.

Die rol van die Raad se aangestelde risikobestuursbeampte berus by die senior administratiewe beampte in die kantoor van die Hoof Finansiële Beampte. Die aangestelde beampte het uitgebreide ervaring in risikobestuur, met 'n agtergrond in eksterne audit en interne audit.

Die Risikobestuurskomitee bestaan uit die volle uitvoerende komitee, en die risikoregister word as 'n lewende dokument beskou en ten minste op 'n kwartaallikse basis hersien.

Die Raad se subkomitee, die Komitee oor Finansies en Inligtingstegnologie, hersien die risiko's en risikoregister met 'n spesifieke klem op ontluikende risiko's. Die Ouditkomitee dien as die Risikokomitee met toesig oor onder meer die risiko's van die Raad. Die Risikokomitee word bygestaan deur die uitbestede Interne Oudit-funksionaris en doen verslag aan die Raad..

5. INTERNE KONTROLE

Die Raad het nie 'n inbestede Interne Kontrole-eenheid nie, maar bestee hierdie funksie uit aan firmas met toepaslike ervaring en personeel wat professionele lidmaatskap by die Instituut vir Interne Ouditeure of die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters geniet. Vir die oorsigjaar was die firma MVI Incorporated.

6. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEE

Die Raad se toesig oor risikobestuur is aan die Oudit- en Risikokomitee gedelegeer met die doel om die Raad by te staan met die uitvoering van sy pligte ingevolge die PFMA.

In hierdie verband hou die Oudit- en Risikokomitee toesig oor die volgende:

- Dat beleide ingestel is om risiko's te identifiseer, te versag en te beheer;
- Dat 'n stelsel geïmplementeer is om beide risiko's en interne kontrolestelsels te hersien;
- Dat 'n stelsel geïmplementeer is om ontluikende risiko's te identifiseer en bestaande kontroles te evalueer;
- Dat 'n doeltreffende stelsel van interne kontrole bestaan; en
- Dat alle onversekerde risiko's toepaslik hersien en bestuur word.

Die uitbestede Interne Oudit-funksionaris rapporteer administratief aan die HUB en funksioneel aan die Oudit- en Risikokomitee.

Deel C: Regulering

Die bywoning van Ouditkomiteevergaderings deur lede was soos volg:

| Naam van lid | Getal vergaderings bygewoon |
|---|-----------------------------|
| 1. Mnr M Burton [Aangestel as nuwe Ouditkomiteelid en Voorsitter van die Ouditkomitee vanaf 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2022] | 1 uit 1 |
| 2. Mnr G Harris [Voorsitter] [Termyn as Ouditkomiteelid en Voorsitter van die Ouditkomitee het op 28 Februarie 2019 verstryk] [Termyn as Ouditkomiteelid tot 31 Mei 2019 verleng] | 4 uit 4 |
| 3. Mnr R Kingwill | 4 uit 4 |
| 4. Mnr C Whittle [Termyn as Ouditkomiteelid het op 28 Februarie 2019 verstryk] | 3 uit 3 |

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in die Raad | Datum aangestel | Datum bedank | Aantal vergaderings bygewoon |
|------------|---------------------|-------------------|------------------------------------|-------------------|------------------------|------------------------------|
| M Burton | BCompt Hons GR (SA) | Ekstern | Nie van toepassing nie | 1 Maart 2019 | Nie van toepassing nie | 1 |
| G Harris | BCom Hons GR (SA) | Ekstern | Nie van toepassing nie | 1 Maart 2019 | Nie van toepassing nie | 4 |
| R Kingwill | BCom CTA GR (SA) | Ekstern | Nie van toepassing nie | 17 Februarie 2018 | Nie van toepassing nie | 4 |
| C Whittle | BCom, PGDA, GR (SA) | Ekstern | Nie van toepassing nie | 29 Februarie 2016 | Nie van toepassing nie | 3 |

7. NAKOMING VAN WETTE EN REGULASIES

Die Raad implementeer beleide en prosesse om te verseker dat alle tersaaklike wette en -regulasies nagekom word.

Die Raad het die wette en regulasies wat hy verplig is om na te kom, geïdentifiseer en het 'n raamwerk geïmplementeer om te verseker dat al sy personeel aan al hierdie wette en regulasies voldoen.

Die Raad se Departement Regsdienste is ingeteken op verskeie aanlyn regsdiensinstellings wat kennisgewings oor nuwe of gewysigde wetgewing verskaf en 'n platform bied om uitsprake in verskillende hofsake te identifiseer. Die Departement Regsdienste identifiseer die veranderinge met behulp van hierdie intekeninge en stel werknemers van die veranderinge en enige ontleding daarvan in kennis.

Vir die boekjaar 2018/19 het die Raad geen sanksies vir die oortreding van enige wette of regulasies ontvang nie.

8. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Raad het 'n Beleid oor Bedrog en Teenkorrupsie geïmplementeer en dit word gereeld hersien. Die prosedures sluit 'n nasionale blitslyn en 'n houer vir anonieme aanmelding in.

Die Raad se Komitee oor Bedrog en Teenkorrupsie is toegerus om enige aangemelde voorvalle van bedrog te evalueer, en die Raad se Beheerbeampte meld enige gerapporteerde voorvalle by die Komitee oor Finansies en Inligtingstechnologie en die Oudit- en Risikokomitee aan.

Geen voorvalle van bedrog of korrupsie is gedurende die oorsigjaar deur enige van die Raad se meganismes vir aanmelding ingedien nie.

9. MINIMALISERING VAN BELANGEBOTSING

Raadslede van die WKRDW voltooi aan die begin van elke boekjaar 'n lys van alle belange wat moontlik strydig met hul pligte as Raadslede kan wees.

Met die aanvang van elke Raad- of komiteevergadering maak Raadslede 'n verklaring oor enige belangebotsing wat hulle met enige item op die agenda mag hê.

Raadslede moet met enige belangebotsing die voorsitter daarvan verwittig en óf hulself verskoon óf aan die bespreking deelneem as die Raad beslis dat daar geen wesenlike belangebotsing bestaan nie.

Daar word ook van werknemers verwag om tydens Raad- en komiteevergaderings en op kantoorvergaderings waartydens sake bespreek, onderhoude gevoer en besluite geneem word, enige belangebotsing te verklaar.

Geen personeellid mag geskenke van enige lisensiehouer, diensverskaffer of voornemende lisensiehouer of diensverskaffer ontvang nie. Sou 'n geskenk afgelewer word, moet dit verklaar en aan die gewer terugbesorg word. Hierdie beleid word die afgelope aantal jare toegepas. Twee geskenke is in die oorsigjaar by die Raad afgelewer, waarvan een teruggestuur is en die ander nog deur die gewer afgehaal moet word.

Die Raad se verskaffer van sekerheid, die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, oudit hierdie aspek met 'n onafhanklike ondersoek na enige sakeverwante botsing en lewer dienooreenkomstig verslag daaroor.

10. GEDRAGSKODE

Die Gedragskode vorm die kern van die bereiking van die Raad se missie om openbare vertroue en geloof te kweek en om 'n stabiele, regverdige, bestendige en doeltreffende regulatiewe omgewing daar te stel.

Die Kode vereis die lewering van hoë standaarde deur werknemers van die Raad en Raadslede te lei met betrekking tot beste praktyk en die volgehoue verbetering in standaarde.

Die Gedragskode is geredelik aanlyn beskikbaar vir alle werknemers en Raadslede op die Raad se intranet, waartoe elke individu toegang het. Wanneer 'n nuwe werknemer in diens gestel word en Raadslede aangestel word, vorm die Kode deel van die induksie-dokumentasie, waarvoor alle individue 'n erkenning van ontvangs moet onderteken. Nakoming van die Gedragskode word streng toegepas en gemonitor en enige oortredings daarvan word ingevolge die Raad se dissiplinêre kode en prosedure hanteer.

11. ORGANISATORIESE ETIEK

Die Raad aanvaar verantwoordelikheid vir die beheer van etiek ingevolge die Gedragskode. Die Raad het toegesien dat 'n Gedragskode en etiekverwante beleide ingestel en geïmplementeer is. Die Gedragskode bied 'n duidelike uiteensetting van die etiese standaarde wat deur die Raad vasgestel word. Die Raad verseker dat voldoening aan die Gedragskode doeltreffend met die strategie en werksaamhede van die Kantoor van die Raad geïntegreer word, m.a.w. die etiese organisasiekultuur word weerspieël in die entiteit se visie en missie, strategieë en bedrywighede, besluite en optrede, en hoe sy interne en eksterne belanghebbendes behandel word.

Daar is gedurende die oorsigjaar gefokus op alle aspekte wat in die Gedragskode uiteengesit is.

Die Raad hou deurlopend toesig oor die bestuur van etiek in ooreenstemming met die Gedragskode en sal voortgaan om verantwoordelikheid te aanvaar vir die beheer van etiek ingevolge die Gedragskode.

12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Raad het 'n gevestigde Beroepsgesondheid- en Veiligheidskomitee (OHASA-komitee) wat kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) ingestel is. Die OHASA-komitee, wat verteenwoordigend is van al die Raad se departemente, vergader teen vasgestelde kwartaallikse tussenposes gedurende die jaar om die status van gesondheid en veiligheid by die Raad te evalueer en enige aangeleenthede wat opduik te behandel.

13. HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

Die kennisgewingtydperk wat in die HUB se dienskontrak gestipuleer word, is drie (3) maande. Die termyn van die HUB kan op die volgende wyses beëindig word: By die voltooiing van 'n termyn of verlengde ampstermyne, vroeë aftrede op versoek van die werknemer self, herbepaling van oorspronklike termyn of verlengde ampstermyne deur die werkgewer, vrywillige bedanking, afsterwe.

Die HUB het nie enige lidmaatskap van beheerliggame buiten die Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne nie.

14. MAATSKAPPYSEKRETARIS

Die Raad het nie 'n maatskappysekretaris nie. Die Raad het egter 'n eenheid van drie personeellede in die Departement Uitvoerende Bestuur wat as die sekretariaat dien.

15. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Terwyl die Raad self nie enige programme oor maatskaplike verantwoordelikheid vir die jaar gehad het nie, lê die Raad sekere voorwaardes aan lisensiehouers op om te verseker dat hulle wel hulpbronne toeken om behoeftige gemeenskappe te ondersteun.

Die Raad het ook die Wes-Kaapse Forum vir Verantwoordelike Dobbelay ingestel om die potensiële euwels verbonde aan dobbelay aan te spreek.

Die Raad werk in vennootskap met verskeie maatskaplike staatsinstellings en doen voorleggings tydens die verskillende uitreikprogramme om die gemeenskappe oor die Raad en die maatskaplike euwels van dobbel in te lig.

16. KORPORATIEWE BURGERSKAP

Die Raad aanvaar verantwoordelikheid vir korporatiewe burgerskap deur leiding te verskaf oor hoe dit deur die Kantoor van die Raad benader en hanteer moet word. Die Raad verseker dat die entiteit se prestasie en sy interaksie met belanghebbendes deur die Grondwet en die Handves van Regte gelei word. Die Raad sien toe dat die entiteit se kerndoelwit en waardes, strategie en optree in lyn met korporatiewe verantwoordelikheid is.

Die Raad bedryf sy sake met inagneming van die werkplek, ekonomie, samelewing en omgewing. Die Raad erken dat openbare sekerheid, vertroue, gesondheid, veiligheid, algemene welsyn en goeie orde van die inwoners van die Provinsie afhanklik is van die streng regulering van alle persone, persele, praktyke, verenigings en aktiwiteite wat met dobbelary en wedrenne verband hou. Dit word ook erken dat geleenthede vir dobbelary en wedrenne bepaalde risiko's en gevare vir die inwoners van die Provinsie inhou, wat die oplegging van gepaste beperkings, regulasies en kontroles regverdig.

Die Jaarlikse Prestasieplan van die Raad is in lyn met die Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan wat die vyf Provinsiale Strategiese Doelwitte bevat:

1. Om geleenthede vir groei en werk te skep
2. Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling
3. Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike euwels aan
4. Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, goeie-gehalte en inklusiewe lewensomgewing
5. Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing

Die Raad hou op 'n deurlopende grondslag toesig oor en monitor hoe die gevolge van die onderneming se aktiwiteite en uitsette sy status as 'n verantwoordelike korporatiewe burger beïnvloed.

Die Raad sal voortgaan om sy funksies met inagneming van die werkplek, die ekonomie, die samelewing en die omgewing uit te voer.

17. VERHOUDINGS MET BELANGHEBBENDES

Die Raad aanvaar verantwoordelikheid vir die bestuur van verhoudings met belanghebbendes deur leiding te verskaf oor hoe dié verhoudings in die entiteit benader en toegepas moet word. Hierdie benadering is in lyn met die Gedragskode en die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne.

Die Raad hou toesig oor die daarstelling van meganismes en prosesse wat die entiteit se konstruktiewe betrokkenheid by sy belanghebbendes ondersteun. Lisensiehouers van die Raad word die geleentheid gegun om komiteevergaderings by te woon en in sekere gevalle word ad hoc-Raadsvergaderings beplan om met belanghebbendes te vergader om duidelikheid oor 'n spesifieke item op die Raad se agenda te kry of dit af te handel. Lede van die Raad is ook aktief in hul toesighoudende rol, soos gedemonstreer deur besoeke wat afgelê is by KSB-projekte wat deur die Raad se lisensiehouers uitgevoer word. Die Raad skakel ook met die Nasionale Dobbelraad, die Provinsiale Dobbelrade, Provinsiale Tesourie en alle ander betrokke rolspelers om te verseker dat belanghebbendes ingesluit word, waar van toepassing.

Sleutelfokusareas gedurende die jaar is bepaal deur tersaaklike kwessies wat deur lisensiehouers geopper is en "warm onderwerpe" wat op die bedryf betrekking het. Kwessies soos Vryspel en B-BSEB was fokusareas vir die jaar onder oorsig. Alhoewel hierdie kwessies as voorbeelde van "sleutelfokusareas" dien, is dit algemene kwessies in die dobbelbedryf. Die Raad kan nie vir sleutelfokusareas beplan nie, aangesien die Raad op kwessies moet reageer soos dit met die Raad, sy lisensiehouers, die publiek en alle ander toepaslike belanghebbendes verband hou.

Deel C: Regulering

As deel van die toesighoudende funksie, monitor die Raad die doeltreffendheid van belanghebbende bestuur tydens die Raad- en komiteevergaderings. Waar en indien die Raad bewus raak van kwessies ten opsigte van sy belanghebbendes, word hierdie aangeleenthede geëskaleer om enige kwessies so spoedig moontlik op te los.

Die Raad kan nie vir toekomstige fokusareas ten opsigte van sy belanghebbendes beplan nie. Die Raad reageer op kwessies soos dit relevant tot die Raad, sy lisensiehouers, die publiek en alle ander toepaslike belanghebbendes word.

18. BESOLDIGING

Artikel 9(2)(a) van die WKWDW magtig die Raad van sewe lede om die bepalinge en voorwaardes van die Raad se werknemers vas te stel. Hierdie magtiging is egter elders gesubsumeer met die Uitvoerende Gesag wat die vergoedingstruktuur van die Raad se werknemers bepaal en deur die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie afgedwing word.

Die Raad is ook opdrag gegee om al sy beleide met dié van die WKPT-werknemers te belyn, ongeag die feit dat aangesien die Raad nie ingevolge die DPSA aangestel word nie en ook nie 'n PERSAL-nummer het nie, baie van die WKPT-voordele nie by die Raad geïmplementeer kan word nie.

19. TEGNOLOGIE EN INLIGTING

Die Raad aanvaar verantwoordelikheid vir die beheer oor inligting-en-kommunikasietegnologie (IKT). Die Raad het die KBIKT-handves, COBIT IT/ITIL Beheerraamwerk, en beleide, prosesse, prosedures en strukture vir die doeltreffende funksionering van tegnologie en inligting aanvaar. Die Finansies- en IK-komitee asook die Ouditkomitee verleen bystand aan die Raad met beheer oor inligtingstegnologie.

Sleutelfokusareas gedurende die verslagtydperk het strategiese doelwitte ingevolge die Strategiese Plan 2015 – 2020, prestasie-aanwysers ingevolge die Jaarlikse Prestasieplan, verslagdoening aan die verskeie komitees oor belangrike insidente, waar toepaslik, asook kwartaallikse verslagdoening aan die Raad en sy komitees ten opsigte van Inligtingstegnologie-aangeleenthede ingesluit.

Risiko's en kontroles ten opsigte van die IT-funksie word by die Raad se Risikoregister geïnkorporeer. Uitkomstes van enige tegnologiese- en inligtingsbestuursaad word deur die Raad se Hulptonbankstelsel hanteer en word tweeweekliks hersien.

Beplande fokusareas vir die toekoms sluit die volgende in:

- Gedigitaliseerde, geoutomatiseerde lisensie-aansoekproses
- Gemoderniseerde webwerf van die Raad
- Opgradering van alle noodsaaklike stelsels en toepassings.

20. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Dit is vir ons 'n plesier om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2019 aan te bied.

Lede van die Ouditkomitee en bywoning

Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder genoem en vergader ten minste vier keer 'n jaar ingevolge die goedgekeurde verwysingsraamwerk. Vier vergaderings is gedurende die 2018/19-boekjaar gehou.



*Mnr M Burton,
Voorsitter van die Ouditkomitee*

| Naam van lid | Getal vergaderings bygewoon |
|---|-----------------------------|
| 1. Mnr M Burton [Aangestel as nuwe Ouditkomiteelid en Voorsitter van die Ouditkomitee vanaf 1 Maart 2019 tot 28 Februarie 2022] | 1 uit 1 |
| 2. Mnr G Harris [Voorsitter] [Termyn as Ouditkomiteelid en Voorsitter van die Ouditkomitee het op 28 Februarie 2019 verstryk] [Termyn as Ouditkomiteelid tot 31 Mei 2019 verleng] | 4 uit 4 |
| 3. Mnr R Kingwill | 4 uit 4 |
| 4. Mnr C Whittle [Termyn as Ouditkomiteelid het op 28 Februarie 2019 verstryk] | 3 uit 3 |

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee verklaar dat alle verantwoordelikhede nagekom is, soos bepaal deur artikel (51)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1.10. Die Ouditkomitee verklaar verder dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk as die handves van die Ouditkomitee aanvaar is, dat die mandaat ter nakoming van hierdie handves uitgevoer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervat, uitgevoer is.

Die Komitee het 'n jaarlikse self-assessering uitgevoer ten opsigte van sy eie nakoming van die vereiste funksies ingevolge die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur, sy eie handves en verwysingsraamwerk, die betrokke Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur. Die Komitee het aan die vereistes voldoen.

Vergaderings

Die eksterne en interne ouditeure woon komiteevergaderings by en het onbeperkte toegang tot die Komitee en sy voorsitter, en het die geleentheid gehad om sonder bestuur se teenwoordigheid met die Komitee te vergader om hul onafhanklikheid te verseker.

Die Komitee het breedvoerige verslae van die eksterne ouditeure en interne ouditeure hersien en die uitslae daarvan is gereeld deur hul ex-officio verteenwoordiger op die Ouditkomitee en jaarliks deur die Voorsitter van die Ouditkomitee aan die Raad gerapporteer.

Die doeltreffendheid van interne kontrole

Ons hersiening van die bevindings van interne audit se werk, wat gegrond was op die risikobepaling wat uitgevoer is, het sekere tekortkominge aangedui wat toe na Bestuur verwys is, waarna regstellende stappe ingestel is of sal word om die risiko's te verlaag.

Deel C: Regulering

Die stelsel van kontroles is ontwerp om kostedoeltreffende versekering te gee dat bates beskerm is en dat laste en bedryfskapitaal doeltreffend bestuur word. Die stelsel wat deur die Raad toegepas word ten opsigte van finansiële risiko en risikobestuur is effektief, doeltreffend en deursigtig.

In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die King IV-verslag oor vereistes vir korporatiewe beheer, verskaf Interne Oudit versekering aan die Ouditkomitee en bestuur dat die interne kontroles gepas en doeltreffend is. Dit word deur middel van die risikobestuurproses bereik, asook die identifisering van regstellende stappe en voorgestelde verbeterings aan die kontroles en prosesse.

Die verskillende verslae van die Interne Ouditeure en die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate, insluitend die bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal, het aangedui dat, behalwe vir aangeleenthede van Wesenlike Wanvoorstelling wat in die Finansiële Jaarstate geïdentifiseer is, geen ander aangeleenthede aangemeld is wat enige wesentliche tekortkominge in die stelsel van interne kontrole of enige afwykings daarvan weerspieël nie. Gevolglik kan ons rapporteer dat, behalwe vir die foute met openbaarmaking in die finansiële jaarstate, die stelsel van interne kontrole vir die oorsigtydperk doeltreffend en effektief was.

Die Ouditkomitee is tevrede dat die interne ouditfunksie, wat uitbestee word, doeltreffend uitgevoer word en dat die versagting/kontroles ten opsigte van risiko's wat betrekking op die Raad het, in die oudit gedek is.

Die volgende interne ouditwerk is gedurende die oorsigjaar voltooi:

'n Hersiening van die implementering en doeltreffendheid van interne beheermaatreëls is gedurende die jaar op die volgende fokusgebiede uitgevoer:

- Hersiening van konsep- Finansiële Jaarstate 2017-2018 en 2018-2019
- Hersiening van Prestasie-inligting oor Voorafbepaalde Doelwitte (PVD'e)
- Opvolgwerk oor vorige interne en eksterne ouditbevindings
- Verifiëring van bates
- Hersiening van die Departement Inligtingstechnologie
- Hersiening van die Departement Regulatiewe Nakoming
- Hersiening van die aktiwiteite van die Raad
- Hersiening van die kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte
- Hersiening van die Departement Lisensiëring
- Hersiening van die Departement Adfin
- Hersiening van die Regsafdeling
- Hersiening van MH-afdeling

In-jaar bestuur en kwartaalverslag

Die Raad het kwartaalverslae aan die Uitvoerende Gesag voorgelê. Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaalverslae wat gedurende die oorsigjaar deur die Raad opgestel en uitgereik is.

Finansiële funksie

Die voorbereiding van finansiële verslae, insluitend die finansiële jaarstate, is onder die toesig van me Z Siwa GR (SA) voltooi. Na hersiening is die Komitee tevrede dat die kundigheid en ervaring van me. Siwa, die Hoof Finansiële Beampte, geskik is. Na hersiening is die Komitee ook tevrede dat die kundigheid en hulpbronne binne die finansiële funksie geskik en doeltreffend is.

Gekombineerde versekering

Versekering word op 'n gekoördineerde wyse van 'n aantal verskaffers van sekerheid verkry om duplisering van pogings te vermy.

Die interne ouditplan word in oorleg met bestuur op grond van 'n risikogebaseerde metodologie saamgestel. Daarbenewens werk interne en eksterne ouditeure ook in oorleg met mekaar. Die Komitee het vir die boekjaar

2019 die risiko's oorweeg wat deur bestuur voorgelê is, en die planne van die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure en die uitkoms van die ouditwerk wat verrig is, geëvalueer en goedgekeur.

Die Komitee is tevrede dat die werk wat onderneem is deur die onafhanklike verskaffers van sekerheid en die interne beheer wat deur bestuur ontwerp is, voldoende was.

Evaluering van finansiële state

Ons het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, bestuur en die Raad hersien en bespreek;
- Die Ouditeur-Generaal se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- Die Raad se nakoming van wetlike en regulatiewe bepalings hersien;
- Beduidende wysigings wat uit die oudit voortspruit, hersien; en
- Die finansiële jaarstate hersien wat deur die Raad opgestel is.

Interne Ouditeure

Die Komitee het die onafhanklikheid en doeltreffendheid van die interne ouditfunksie oorweeg. Die Komitee het die interne oudithandves en die interne ouditplan vir 2019 hersien en goedgekeur, en is tevrede, ingevolge die verklarings wat deur die interne ouditeure gemaak is, dat die versekerings wat aan die Komitee gegee is, in ooreenstemming met die Etiese Kode van die Instituut van Interne Ouditeure is.

Interne Oudit lewer op elke vergadering verslag aan die Komitee en hierdie verslae verskaf aan die Komitee 'n oorsig van die interne kontrole-omgewing. Die Komitee is tevrede met die doeltreffendheid van Interne Oudit.

Eksterne Ouditeure

Die Ouditkomitee is tevrede met die onafhanklikheid en objektiwiteit van die eksterne ouditeure, met inbegrip van oorweging van die omvang van ander werk wat onderneem word en die nakoming van kriteria wat verband hou met onafhanklikheid of belangebotsing soos bepaal deur die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (IRBA).

Die Komitee het die ouditstrategie en eksterne ouditgelde vir die 2019-oudit goedgekeur. Die Komitee het ook die prestasie en optrede van die eksterne ouditeure vir die verslagtydperk geëvalueer en is tevrede met die gehalte van die eksterne ouditfunksie.

Die Komitee het die Raad se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien en is tevrede dat die aangeleenthede voldoende opgelos is.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se bevindings oor die finansiële jaarstate en is van mening dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met die verslag van die Ouditeur-Generaal gelees moet word.



Mervyn Burton
Voorsitter van die Ouditkomitee
Wes-Kaapse Raad op Dobbely en Wedrenne

Deel D



Menslike Hulpbronbestuur

1. INLEIDING

Die Raad het 'n goedgekeurde personeelstruktuur van vier-en-sewentig werknemers, met nege-en-sestig poste wat op 31 Maart 2019 gevul was en vyf poste wat vakant was.

Die Afdeling Menslike Hulpbronne lewer dienste en ondersteuning aan die Raad en sy kantoor met betrekking tot werwing, die behoud van talent, prestasiebestuur, nywerheidsbetrekkings, personeelontwikkeling, personeelwelstand en die ontwikkeling van Menslike Hulpbronne- en verwante beleide.

Die betaalstaat- administratiewe funksie berus by die Departement: Administrasie en Finansies.

Die afdeling het gedurende die oorsigjaar bystand verleen met:

- Die belyning van die Raad se MH-verwante beleide met dié van die WKPT;
- Die werwing van drie werknemers;
- Die administrasie van twee formele dissiplinêre prosesse;
- Die uitvoer van vier grieweprosesse;
- Die administrasie en verkryging van een-honderd-en-twee opleidingsingrypings;
- Die prosessering van vier gevalle van diensbeëindiging;
- Die opstel en Indiening van die Diensbillikheidsverslae aan die Departement van Arbeid;
- Die administrasie en verkryging van 'n wegbreeksessie wat met werknemerwelstand verband hou;
- Samesprekings en debatvoering met personeel oor konflikbestuur; en
- Die hou van en verslagdoening oor vier EE-komitee- en OHASA-komiteevergaderings.

Jaarlikse salarishersiening en -verhogings is deur die WKPT by die Raad aanbeveel in ooreenstemming met die opdrag van die Uitvoerende Gesag wat op 1 April 2019 in werking getree het.

Prestasiebestuursbonusse is aan werknemers toegeken nadat die prestasie-assesserings voltooi is. Die totale bedrag van prestasiebonusse van R231 632 is aan agt-en-sestig werknemers toegeken, wat 'n eenvoudige gemiddeld van R3 406.35 per werknemer as prestasiebonus vir die oorsigjaar verteenwoordig. Langdienstoekenings is aan vier werknemers toegeken ter erkenning van hul dienstyl by die Raad.

Die Raad gaan voort met sy pogings om die moraal van personeel te versterk met sy gebruik om kwartaallikse personeelbefondsde byeenkomste te hou sodat die verskillende departemente met mekaar kan sosialiseer en sodoende beter werksverhoudinge en kameraderie te bevorder.

Opnames onder die werknemers van die Raad het 'n duidelike verbetering in personeel se moraal en motivering aangedui.

Die MH-praktyke is ontwerp om 'n balans tussen werk en lewe vir werknemers te skep met sogenaamde fleksiwerksure en 'n welstandsprogram vir werknemers en gesinne via ICAS.

2. OORSIG VAN MENSLIKE HULPBRONSTATISTIEK

Personeelkoste per program

| Program | #Totale uitgawes van die entiteit (R'000) | Personeel-uitgawes (R' 000) | Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes | Getal werknemers | Gemiddelde personeelkoste per werknemer (R'000) |
|----------------|---|-----------------------------|--|------------------|---|
| Administrasie* | 21 781 | 13 611 | 62% | 40 | 340 |
| Nakoming | 16 232 | 14 849 | 91% | 25 | 594 |
| Lisensiëring | 13 738 | 13 158 | 96% | 23 | 572 |
| IT | 6 957 | 2 538 | 36% | 5 | 508 |
| TOTAAL | 58 708 | 44 156 | 75% | 93 | 475 |

*Administrasieprogram sluit die Raad, die Departement Administrasie en Finansies en Uitvoerende Bestuur in.
#Totale uitgawes sluit waardevermindering en amortisasie uit, maar sluit kapitale uitgawes in.

Personeelkoste per salarisband

| Salarisband | Personeel-uitgawes (R'000) | % personeel-uitgawes van totale personeelkoste | Getal werknemers | Gemiddelde personeeluitgawes per werknemer (R'000) |
|------------------------------|----------------------------|--|------------------|--|
| Topbestuur | 1 422 | 3% | 1 | 1 422 |
| Senior Bestuur | 7 012 | 17% | 6 | 1 169 |
| Professioneel gekwalifiseerd | 9 571 | 23% | 13 | 736 |
| Geskoold | 18 995 | 46% | 33 | 576 |
| Halfgeskoold | 4 671 | 11% | 16 | 292 |
| Ongeskoold | - | 0% | - | - |
| TOTAAL | 41 672 | | 69 | 604 |

* Met uitsondering van Raadslede se besoldiging van R1 050 340, behuisingstoelae van R755 003, besoldiging van tydelike werkers van R442 844 en netto salaristoevallings/-voorsienings van R176 793.

